# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (10-14 November 2025)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel van iemand wat onlangs vir jou iets gegee het wat vir jou baie beteken.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing**: Verskeie
**Tema**: Vanuit God se gee, vloei ons gee.

## Gespreksvrae:

1. Wat beteken dit vir jou dat God nie net iets gegee het nie, maar Homself? (Johannes 3:16–17)
2. Wat leer Jesus se selfgee aan die kruis vir jou van ware liefde en diens? Lees Fil. 2:5–8.
3. Lees Maria se aangrypende antwoord in Luk 1:38. Wat leer jy daaruit?
4. Watter les is daar vir ons in die, waarskynlik ongelowige sterrekykers, se gee? (Matt 2:1–12)
5. Wat leer ons in Rom. 12:1 oor ons eie dankbare gee?
6. Van watter belangrike volgorde van gee leer ons by die arm gemeentes in Masedonië wat, uit eie versoek en bo verwagting, bygedra het om die arm Christene in Judea te help? (2 Kor. 8:5) Hoe help dit ons?
7. Wat is die enigste geskenk wat ons aan mekaar skuld? (Rom. 13:8) Hoe kan ons hierdie geskenk nog beter vir mekaar gee?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
## Uitsending na die plek waartoe God jou roep
Beplan jy/jul iets spesiaal wat jy/jul hierdie Kerstyd uit dankbaarheid gaan gee sonder dat dit julle 'n sent kos?

**Sluit af deur ons gemeente se 50jaar lied te lees:**

Die Here is ons God, Hy alleen is Heer
Die berge roem Sy grootheid
Die hemel sing Sy eer
Met 'n Vaderhart vol liefde
Sy Seun vir ons gegee, ons God

Nou sing ons as gemeente
Ons bring U al die eer
Want deur al die jare,
U seën 'n milde reën
U genade is oneindig
U's almagtig en regverdig, ons God

Koor
Ons bring ons lof as 'n offer aan U
Ons lig ons hande,
om U naam te eer
U liefde vloei riviere vol
O Here ons God, kom vloei nou deur ons

Stuur ons na die wêreld
'n wêreld so vol seer
Kom vloei deur ons harte
U fontein wat lewe gee
Na elke volk en nasie
Totdat elke tong bely U is God

Deur al die jare, vloei U genade
U omvou ons met liefde en trou

Koor
Ons bring ons lof as 'n offer aan U
Ons lig ons hande,
om U naam te eer
U liefde vloei riviere vol
O Here ons God, kom vloei nou deur ons

(Op ons gemeente se webblad is 'n artikel met die tema: "Kerke is nie 'n probleem nie, gebrek aan liefde wel", wat Jaco Strydom in 2012 geskryf het. Julle kan dit ook as selmateriaal gebruik.)